# Gr 7 Oorsig: Afrikaans Huistaal

| Kwartaal | Tekste in konteks waarbinne leer en onderrig plaasvind | | |
|---|---|---|---|
| Kwartaal<br><br>1 | Drama<br>Week 1-5<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Luister Ass 1,4,6<br>Lu 2 Praat Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Lees en Kyk Ass 1,2,6,10<br>Lu 4 Skryf Ass 1,3,4<br>Lu 5 Dink en Redeneer Ass 1<br>Lu 6 Taalstrukture<br>Ass 1,2,3,4,5,6 | Multimedia<br>Week 6-9<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,2,7<br>Lu 2 Ass 2,3,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10<br>Lu 4 Ass 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4,5<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Gedigte<br>Week 10 - 11<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5<br>Lu 3 Ass 1,5,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5 |
| Kwartaal<br><br>2 | Tekste uit ander leerareas<br>Week 1-4<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 2,3,7<br>Lu 2 Ass 2,5,6<br>Lu 3 Ass 2,3,4,7,8,9,10<br>Lu 4 As 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4 | Kortverhale/Novelle/Fabel<br>Week 5-8<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1 | Multimedia<br>Week 9-11<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,2,7<br>Lu 2 Ass 2,3,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10<br>Lu 4 Ass 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4,5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Lu 6 Ass 1,2,3,4,6 | Lu 6  Ass 1,2,3,4,5,6 | Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 |
| Kwartaal<br><br>3 | Gedigte<br>Week 1-2<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5<br>Lu 3 Ass 1,5,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5 | Kortverhale/Novelle/Fabel<br>Week 3-6<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1<br>Lu 6  Ass 1,2,3,4,5,6 | Tekste uit ander leerareas<br>Week 7-10<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 2,3,7<br>Lu 2 Ass 2,5,6<br>Lu 3 Ass 2,3,4,7,8,9,10<br>Lu 4  As 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,6 |
| Kwartaal<br><br>4 | Multimedia<br>Week 1-3<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,2,7<br>Lu 2 Ass 2,3,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,3,4,5,7,8,10<br>Lu 4 Ass 1,2,4<br>Lu 5 Ass 1,2,3,4,5<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Drama<br>Week 4-7<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,4,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,6,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1<br>Lu 6 Ass 1,2,3,4,5,6 | Kortverhale/Novelle/Fabel<br>Week 8 – 10<br><br><u>Lu + Ass</u><br><br>Lu 1 Ass 1,5,6<br>Lu 2 Ass 1,4,5,6<br>Lu 3 Ass 1,2,4,5,6,8,10<br>Lu 4 Ass 1,3,4<br>Lu 5 Ass 1<br>Lu 6  Ass 1,2,3,4,5,6 |
| Onthou: Die leerder moet voorberei word vir die formele taak daarom word die formele taak voorafgegaan deur ‘n informele taak | | | |

# LESPLAN

(GEDIG)

**Afrikaans Huistaal**

**Konteks**: Gedigte vir Vrouedag en Erfenisdag

| **Tyd:** 4 weke | | | **Graad:7** |
|---|---|---|---|
| **Lu en Ass** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING** **(Ons stel die volgende voor)** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| Lees die gedigte van jul keuse voor aan die leerders.<br><br>Lu 1 Luister<br><br>As 1 **Luister na** en waardeer ekspressiewe, verbeeldings- en verhalende tekste (soos ballades, liedjies, kortverhale, vertellinge).<br><br>As 5 Identifiseer spesifieke woorde, frases en sinne wat die luisteraar beïnvloed en verduidelik die impak daarvan (soos affektiewe taal, die onderskeid tussen feite en menings, die herkenning van partydigheid en vooroordeel).<br><br>Lu 3 Lees en Kyk<br><br>As 1 Lees 'n verskeidenheid tekssoorte dikwels spontaan vir genot en inligting, beskryf persoonlike reaksies en bespreek die soort tekste wat hy/sy | Nota aan onderwyser:<br><br>**Formele Taak:**<br><br>Onvoorbereide lees en gesprek (10) die skryf van 'n Verhalende opstel (150 – 200 woorde) 40 punte<br><br>Sien annexure B vir voorbeelde van rubrieke<br><br>**Onthou Taak 8 toets (60)**<br><br>Begripstoets (25) taal (25) opsomming (10) 70 – 80 woorde<br><br>**Wenke by die beantwoording van begripstoetse**<br><br>• Lees die teks 'n paar keer deur.<br>• Lees die vrae 'n paar keer deur en omkring die kernwoorde in die vrae.<br>• Lees nou die teks weer deur en skryf die nommer van | | In alle gevalle<br><br>Leerders het 'n **afskrif** (fotostaat) van die betrokke gedigte wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog |

| | | | |
|---|---|---|---|
| geniet.<br><br>As 5 **Identifiseer verskillende tekssoorte** en die **hoofkenmerke** daarvan en verduidelik die struktuur van die teks (**soos gedigte**, koerantberigte, kortverhale, advertensies, kort tydskrifartikels).<br><br>As 8 Reageer krities op tekste:<br><br>identifiseer die skrywer se standpunt;<br><br>**identifiseer implisiete (verskuilde) boodskappe**;<br><br>identifiseer opvallende partydigheid en vooroordeel;<br><br>identifiseer maniere waarop die skrywer die lees van die teks deur sorgvuldige woordkeuse vorm.<br><br>As 10 Dink na oor sy/haar eie vaardighede as leser.<br><br>.<u>Lu 4 Skryf</u><br><br>As **1 Skryf verskeie verbeeldingstekste**:<br><br>**gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;**<br><br>**verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal deur die skryf** van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, dialoë, **gedigte**, strokiesverhale, limerieke en liedjies.<br><br>As 3 Toon basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke gepas vir 'n tekssoort:<br><br>skep ruimte en intrige in verhalende tekste;<br><br>gebruik saaklike taal in eenvoudige beskrywings; | die vraag op die plek in die teks waar die vraag van toepassing is.<br><br>• Beantwoord die vrae volledig. Wees spesifiek, op die man af. Moenie vaag skryf nie.<br><br>• ‘n Ja of Nee antwoord moet altyd met ‘n motivering opgevolg word.<br><br>• ‘n Waar of Onwaar vraag: skryf eers neer waar of onwaar. Maak seker of jy jou antwoord moet motiveer deur ‘n aanhaling en of jou motivering in jou eie woorde moet wees.<br><br>• As die vraag is: “Skryf vier opeenvolgende woorde neer”, beteken dit vier woorde wat langs mekaar in die teks staan.<br><br>• As die vraag net een woord vereis, maak seker dat net een woord neergeskryf word.<br><br>• Moenie die vraag in jou antwoord herhaal nie.<br><br>• Beantwoord net dit wat gevra word. Moenie meer skryf in die hoop dat die antwoord dalk in die “ekstra” sin sal wees nie.<br><br>• Antwoord in jou eie woorde, behalwe as jy ‘n word of woorde uit die teks moet aanhaal en dan moet aanhalingstekens gebruik word.<br><br>• Omkring ook die puntetoekenning by elke vraag en laat jou daardeur lei:<br><br>1 punt vraag: gewoonlik net ‘n word of sinsdeel 2 punt vraag: gewoonlik ‘n antwoord plus ‘n bewys of verduideliking of 2 verskillende name of redes 3 punt vraag: drie verskillende feite of redes | | steeds **hoë verwagtinge** en ‘n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik ‘n **glimpen** *(“highliter”)* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br><u>Klaskameratmosfeer</u><br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**<u>Hiperaktiewe kind:</u>** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook ‘n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| <u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u><br><br>As 1 Werk met woorde:<br><br>onderskei tussen klankgrepe en lettergrepe om die verskil tussen gesproke en geskrewe taal te verstaan;<br><br>**gebruik kennis van basiese spelreëls en spelling** om uitsonderings in spelpatrone te identifiseer;<br><br>**gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);**<br><br>**skep eie spellys vir moeilike woorde**, veral woorde van oor die kurrikulum heen;<br><br>gebruik 'n woordeboek en tesourus om woordeskat en spelvermoë uit te brei;<br><br>gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;<br><br>identifiseer en gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat te ontwikkel;<br><br>verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;<br><br>gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.<br><br>As 2 Werk met sinne:<br><br>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:<br><br>* selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, | Vrae wat 4 punte of meer tel, moet gewoonlik in 'n paragraaf beantwoord word<br><br>• Proeflees weer jou antwoorde. Het jy elke vraag beantwoord.<br><br>Die leerders moet blootgestel word aan 'n verskeidenheid tekste as begripstoetse. Moenie net koerantartikels gebruik nie. Maak gebruik van advertensies, advertensies vir 'n pos/werk, strokies, spotprent, handleidings vir die installeering van 'n dakwaaier, resepte, tv-prograamrooster , selfs 'n gedig ens. 'n Informele oefening in hierdie verband moet gedoen word in die klas voordat die formele begripstoets geskryf word.<br><br><u>Aktiwiteit 1</u><br><br>Die leerders moet leer om 'n gedig te verstaan en te geniet.<br><br>Die leerders moet op let na die manier waarop die gedig geskryf is (rymwoorde, versreëls, strofes) en dat die digter eintlik 'n storie vertel met min woorde.<br><br>Die leerders moet leer van digterlike vryheid en berei hulle daarop voor dat hulle hul eie kleurryke en gevoelvolle gedig gaan skryf.<br><br><u>Aktiwiteit 2</u><br><br>**Koorlees** in groepe: Laat toe dat die meisies met ligte stemme en die seuns met harde stemme die gedig in die klas voorlees.<br><br><u>Aktiwiteit 3</u><br><br>Leerders **identifiseer** byvoeglike naamwoorde en klanknabootsings. Die belangrikheid van tipografie moet deur die leerders verduidelik word. Leerders moet kyk na die rol wat kort klanke/woorde speel in die gedig. | Onderwyser<br><br>Self/leerder<br><br>Hele Klas<br><br>Hele Klas<br><br>Aanbieding<br><br>Maats bv. In pare<br><br>Kontrolelyste<br><br>Groepies<br><br>memo<br><br>Self/leerder<br><br>portuurassessering | **<u>Swak gehoor</u>**<br><br>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| versamelname),<br><br>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik),<br><br>* hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme),<br><br>* bywoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* voegwoorde,<br><br>* determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),<br><br>* telwoorde,<br><br>* tussenwerpsels,<br><br>* voorsetsels;<br><br>gebruik verskillende sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies);<br><br>identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde en voorwerp;<br><br>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;<br><br>gebruik tydsvorme konsekwent en gepas;<br><br>gebruik die korrekte woordorde in sinne;<br><br>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief | <u>Aktiwiteit 4</u><br><br>Hoe beter ‘n mens ‘n gedig verstaan, hoe meer geniet jy dit. Laat die leerders die gedig weer deurlees en dan **in groepies die vrae beantwoord.**<br><br><u>Aktiwiteit 5</u><br><br>**Skryf ‘n gedig oor iets waaroor jy sterk voel**. Onthou Augustusmaand het *Vrouedag* en September het *Erfenisdag.*<br><br>(Speel vir die klas *Bok van Blerk* se *De la Rey of Laurika Rauch* se *Hot Gates* of *Jurie Els se Hoe sê ‘n mens dankie* as inspirasie.) Gebruik beskrywende woorde om dit gevoelvol en kleurryk te maak. Dit hoef nie te rym nie. **Lees jul gedigte vir mekaar en help mekaar om dit te verbeter.**<br><br><u>Aktiwiteit 6</u><br><br>Digters hou hulle nie altyd by taalreëls nie. Hulle wil nie gebind wees nie omdat dit hul skeppingsvermoë beperk. **Soek na gedigte** waar ‘n digter geen hoofletters en geen of min leestekens gebruik. **Laat die leerders die gedig oorskryf** met hoofletters en leestekens soos kommas, punte en aanhalingstekens waar ons dit gewoonlik sal gebruik.<br><br><u>Aktiwiteit 7</u><br><br>Verduidelik die gebruik van die kappie. (gewoonlik in lang, oop lettergrepe) bv lê, wêreld en (gewoonlik ook in geslote lettergrepe soos skêr en miljoenêr, want dit help met die uitspraak as die woord verbuig word, bv skêre en miljoenêrs<br><br>Vra die leerders om die volgende sin oor te skryf met die kappies op die regte plekke: *Ek gaan more erens le en lekker lees.*<br><br><u>Aktiwiteit 8</u> | Self/leerder<br><br>Praktiese oefening<br><br>Werkskaart<br><br>Onderwyser<br><br>Klaswerk<br><br>Onderwyser<br><br>Klaswerk | Verkort die aktiwiteit<br><br>.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is;<br><br>gebruik die ontkennende vorm korrek;<br><br>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepteken, aandagstreep, hakies, aanhalingstekens).<br><br>As 3  Werk met tekste:<br><br>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;<br><br>gebruik verbindingswoorde (soos omdat, dus, alhoewel) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;<br><br>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;<br><br>orden paragrawe in 'n logiese volgorde om langer tekste te skep.<br><br>As 4  Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:<br><br>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;<br><br>onderskei tussen formele en informele taalgebruik;<br><br>gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas.<br><br>As 5  Ontwikkel kritiese taalbewustheid:<br><br>identifiseer taal wat iets anders beteken as wat gesê word - identifiseer geïmpliseerde betekenis;<br><br>identifiseer manipulerende taal; | Ken die leerders die verskil tussen kompleks en simpleks?<br><br>Vergelyk die woorde “bokmakierie” en “knopkierie” met mekaar.  Hoekom sê ons bokmakierie is ‘n simpleks (ongelede woord) en die woord knopkierie is ‘n kompleks (‘n gelede word)?<br><br>Laat die leerders die verskil aan jou uitwys.<br><br><u>Aktiwiteit 9</u><br><br>‘n Goeie taalhandboek behoort al Leeruitkomste 6 se Assesseringstandaarde  goed te verduidelik.  Terwyl daar deur gedigte gewerk en geworstel word,  kan leerders sekere taalaspekte verduidelik soos die gebruik van leestekens (As 2)<br><br>Soek byvoorbeeld na woorde wat met deeltekens geskryf word en teken dit aan in jou oefeningboek.  Elke leerder behoort self ‘n persoonlike spellys in sy oefeningboek by te hou met verwarrende woorde waarmee hy of sy sukkel. | onderwyser<br><br>Gesprek | **<u>Disleksie:</u>** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word.  Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie.  Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| identifiseer en gebruik woorde wat toenemende sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.<br><br>As 6 Gebruik metataal:<br><br>gebruik byvoorbeeld terme soos "onderwerp", "afkorting", "aanhalingstekens". | | | |

Hulpmiddels: Fotostaat van gedigte: Prente, Liedjies, Woordeboek, Stories, Skryfbord, Speletjie, Spreker, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte, TV , videobande

Nabetragting: Nie almal het toegang tot die internet nie

# LESPLAN

(fabel/novelle/kortverhale)

## Afrikaans Huistaal

**Konteks**: Fabel/Kortverhaal/novelle

**Onderwerp**:

| Tyd: 3 weke | | | Graad:7 |
|---|---|---|---|
| **LU EN ASS** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING (Ons stel die volgende voor)** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| Lees die teks voor aan die leerders.<br><br>Lu 1 Luister<br><br>As 1 Luister na en waardeer ekspressiewe, verbeeldings- en verhalende tekste (soos ballades, liedjies, kortverhale, vertellinge).<br><br>As 5 Identifiseer spesifieke woorde, frases en sinne wat die luisteraar beïnvloed en verduidelik die impak daarvan (soos affektiewe taal, die onderskeid tussen feite en menings, die herkenning van partydigheid en vooroordeel).<br><br>As 6 Identifiseer die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van spesifieke tekste.<br><br>Lu 2 Praat<br><br>As 1 Dra idees en gevoelens op 'n ekspressiewe manier, | Nota aan onderwyser<br><br>Onthou in Huistaal word veral klem gelê op **skryf** en **lees** aktiwiteite.<br><br>**Formele take**:<br><br>Onvoorbereide lees en gesprek (10) Die verhalende opstel (150 – 200 woorde) 40 punte<br><br>(*sien rubrieke in Annexure B)*<br><br>Moenie taak 8, die toets (60 punte) vergeet nie. Dit sluit die volgende in: Begripstoets (25), Taal (25) Opsomming (10) 70 – 80 woorde | | In alle gevalle<br><br>Leerders het 'n afskrif nodig (fotostaat) van die kortverhaal/ novelle/ fabel wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en |

| | | | |
|---|---|---|---|
| met selfvertroue en met redelike ondersteuning oor deur geselekteerde mondelinge tekssoorte te gebruik (soos verhale, grappies, dramas).<br><br>As 4 Toon basiese interaksievaardighede deur aktief aan groepbesprekings, gesprekke, onderhoude en debatte deel te neem:<br><br>bespreek belangrike kwessies (soos sosiale en morele kwessies betreffende menseregte en die omgewing);<br><br>neem verskillende rolle aan tydens debatte (soos voorsitter, spreker);<br><br>gee erkenning aan ander se menings;<br><br>verduidelik eie standpunt;<br><br>lewer kritiek;<br><br>oorbrug gapings deur vrae te stel, keuses te noem, reaksies oop te hou, ware belangstelling te toon;<br><br>toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;<br><br>bevraagteken onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik.<br><br>As 5 Doen mondelinge aanbiedings met 'n mate van akkuraatheid en kreatiwiteit deur aandag te gee aan:<br><br>duidelike en hoorbare uitspraak;<br><br>die gebruik van pouses;<br><br>tempo- en volumewisseling;<br><br>doel en teikengroep;<br><br>liggaamshouding en -taal;<br><br>verskillende sosiale en kulturele konvensies; | <u>Aktiwiteit 1</u><br><br>By die behandeling van novelle en kortverhale moet die volgende basiese literêre terme verduidelik en behandel word: **tema, titel, tipe verteller, karakters, dialoog, ruimte en tyd, spanning, taal en styl en die verhaalstruktuur.**<br><br>Die onderwyser moet bou op vooraf kennis.<br><br><u>Aktiwiteit 2</u><br><br>Onderwyser sal aan die leerders voorlees. Terwyl die teks gelees word, visualiseer die leerder die gebeure en karakters.<br><br>Gebruik verskillende soorte tekste soos surrealistiese, humoristiese, reisverhale, ernstige of beskrywende kortverhale bv. Dana Snyman of Johan Bakkes se reisverhale in *Weg* of Jan Rabie se *3 kaalkoppe eet tesame*<br><br>Vra dat die leerders vinnig hul gedagtes moet neerskryf terwyl die onderwyser die verhaal voor lees. Die reaksies en gedagtes word dan met mekaar vergelyk om aan te toon hoe verskillend mense op dieselfde teks reageer.<br><br><u>Aktiwiteit 3</u><br><br>Vra dat die leerders die volgende moet doen:<br><br>• identifiseer die leerder met enige van die karakters (van wie het jy die meeste gehou?)<br><br>• maak voorspellings (wat dink jy gaan gebeur?)<br><br>• het jou opinie/mening van 'n karakter verander?<br><br>• Maak assosiasies<br><br>• Ervaar jy enige begripsprobleme – dui dit aan - noem | <br><br>Onderwyser<br><br><br><br><br><br><br><br>Onderwyser<br><br>Self/leerder<br><br>Praktiese oefening<br><br>Neem eie notas<br><br><br><br><br><br><br><br>Klasbespreking | **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers |

| | | | |
|---|---|---|---|
| gepaste tegnieke soos klimaks en antiklimaks.<br><br>As 6 Herken en verduidelik die sukses van eie kommunikasie.<br><br><u>Lu 3 Lees en Kyk</u><br><br>As 1 Lees 'n verskeidenheid tekssoorte dikwels spontaan vir genot en inligting, beskryf persoonlike reaksies en bespreek die soort tekste wat hy/sy geniet.<br><br>As 2 Lees hardop en stil vir verskillende doeleindes deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vlugleed, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding).<br><br>As 4 Toon begrip van informatiewe tekste:<br><br>identifiseer hoofgedagtes en verduidelik hoe besonderhede dit ondersteun;<br><br>maak 'n opsomming van kernfeite.<br><br>As 5 Identifiseer verskillende tekssoorte en die hoofkenmerke daarvan en verduidelik die struktuur van die teks (soos gedigte, koerantberigte, kortverhale, advertensies, kort tydskrifartikels).<br><br>As 6 Toon begrip van 'n teks, die doel daarvan en hoe dit met eie leefwêreld skakel deur die intrige, temas, karakters en ruimte/agtergrond te bespreek.<br><br>As 8 Reageer krities op tekste:<br><br>Reageer krities op tekste:<br><br>identifiseer die skrywer se standpunt;<br><br>identifiseer implisiete (verskuilde) boodskappe;<br><br>identifiseer opvallende partydigheid en vooroordeel;<br><br>identifiseer maniere waarop die skrywer die lees van die | dit<br><br>As jy dit doen gaan jy sien dat groep- of klasbesprekings algaande vlotter gaan verloop en meer gerig is omdat elke leerder se gedagtes alreeds uitgesorteer is.<br><br><u>Aktiwiteit 4</u><br><br>Laat leerders toe om spontaan te vertel wat hulle so besonder snaaks of interessant in die verhaal gevind het. Vra vrae soos "Is daar iets in die verhaal wat jou bang / hartseer / ongemaklik / bly /opgewonde laat voel"? en laat die leerders die gevoel motiveer.<br><br><u>Aktiwiteit 5</u><br><br>Laat leerders in groepe van 4 aan dui watter toneel of beskrywing die sterkste indruk op hulle gemaak het.<br><br>Hulle leer so onderskei tussen 'n spannende, aangrypende, humoristiese of dramatiese toneel of insident onderskei . Laat hulle ook hul keuse binne groepsverband motiveer.<br><br><u>Aktiwiteit 6 ***(Bloom se taksonomie)***</u><br><br>Die onderwyser moet nie net kennis van die verhaal toets nie.<br><br>Vra vrae soos die volgende:<br><br>Hoe voel jy oor A? Waarom hou jy (nie) van hom/haar (nie)?<br>Keur jy B se optrede goed of nie?<br>Hoe sou jy in dieselfde situasie opgetree het?<br>Waarom sou jy so opgetree het?<br>Hoe sou jy op C gereageer het?<br><br><u>Aktiwiteit 7</u><br><br>Laat leerders in groepsverband 'n gedeelte van die verhaal | Gesprek<br><br>Portuurgroep<br><br>Eie opinie<br><br>Vraelys<br><br>Werkskaart<br><br>groepies<br><br>Drama/opvoering<br><br>Rolspel | <u>**Swak gehoor**</u><br><br>Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes<br><br>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br>Verkort die aktiwiteit |

| | | | |
|---|---|---|---|
| teks deur sorgvuldige woordkeuse vorm.<br><br>As 10 Dink na oor sy/haar eie vaardighede as leser.<br><br><u>Lu 4 Skryf</u><br><br>As 1 Skryf verskeie verbeeldingstekste:<br><br>gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;<br><br>verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, dialoë, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies.<br><br>As 3 Toon basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke gepas vir 'n tekssoort:<br><br>skep ruimte en intrige in verhalende tekste;<br><br>gebruik saaklike taal in eenvoudige beskrywings;<br><br>As 4 Gebruik die skryfproses met hulp en saam met ander om tekste te skep:<br><br>gebruik kennis van ander tekssoorte as skryfmodelle;<br><br>beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;<br><br>organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;<br><br>dink na oor konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, taalgebruik en logiese struktuur in gedagte tydens hersiening;<br><br>dink na oor en bespreek eie en ander se skryfwerk en toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;<br><br>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, | dramatiseer in 'n rolspel.<br><br>Of<br><br>Laat leerders in groepsverband mimiek en die klas moet raai wie is dit in die verhaal of watter gedeelte van die verhaal word nou uitgebeeld.<br><br><u>Aktiwiteit 8 ***(Visualisering)***</u><br><br>Die onderwyser lees 'n paar beskrywende gedeeltes voor en die leerders skets/teken die toneel.<br><br>Hierna volg 'n **gesprek** oor wat hulle geteken het. Die leerders kan ook individueel of in groepe, **prente, plakkate of modelle** maak van die milieu (omgewing) of karakters of hulle kan 'n strokiesprentreeks (sien tydskrif *Mad* in CNA) teken van die verhaal.<br><br>Jul Kuns en Kultuur onderwyseres gaan dit evalueer en punt vir haar leerarea toeken.<br><br><u>Aktiwiteit 9</u><br><br>Die leerders moet hulle in 'n bepaalde karakter se posisie kan indink sodat hulle kan agterkom hoe die karakter moontlik sou voel en optree.<br><br>Moedig die leerders aan om selfstandig te dink. Gebruik dus "oop vrae" waar verskillende antwoorde aanvaar word omdat elkeen op 'n ander motivering gebaseer is.<br><br><u>Voorbeelde van "oop vrae"</u><br><br>• Wat is die doel met 'n bepaalde gebeurtenis? | rubriek<br><br>gesprek<br><br>plakkate of modelle<br><br>'n ander onderwyser<br><br>Demonstrasie<br><br>Aanbieding<br><br>Gevallestudie | **<u>Leerders met 'n spraakgebrek</u>**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer<br><br>**<u>Swak siende</u>**: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van |

| | | | |
|---|---|---|---|
| punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;<br><br>skryf die finale produk en gee aandag aan aanbiedingswyse en basiese ontwerpselemente.<br><br>**Lu 5 Dink en Redeneer**<br><br>As 1 Gebruik taal vir dink en redeneer:<br><br>lei betekenis af en verduidelik die skrywer se bedoeling deur geskrewe, visuele en mondelinge tekste oor die kurrikkulum heen te eksperimenteer;<br><br>verduidelik oorsaak en gevolg;<br><br>oorweeg twee moontlikhede en besluit watter een die beste keuse is;<br><br>ontwikkel en gee uitdrukking aan 'n duidelike eie mening;<br><br>staaf 'n argument met verskeie soorte bewyse (soos statistiese en ander bewyse);<br><br>stel vrae om eie en ander se denkwyse te ontwikkel;<br><br>gebruik gepaste taalstrukture om komplekse denke uit te druk (soos: Indien hulpbronne regverdig verdeel was, sou ons moontlik minder misdaad gehad het).<br><br>**Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik**<br><br>As 1 Werk met woorde:<br><br>onderskei tussen klankgrepe en lettergrepe om die verskil tussen gesproke en geskrewe taal te verstaan;<br><br>gebruik kennis van basiese spelreëls en spelling om uitsonderings in spelpatrone te identifiseer;<br><br>gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend | • Het jy iets belangriks uit hierdie verhaal geleer oor die wêreld waarin jy leef?<br><br>• Met watter van die karakters het jy die meeste simpatie? Hoekom?<br><br>• Aan wie het Z jou laat dink? Verduidelik<br><br>• Dink jy W se optrede in ..... is geregverdig? Motiveer<br><br>• Wat dink jy het na die slotwoorde gebeur?<br><br>Aktiwiteit 10<br><br>Gaan na of die verteller se houding objektief of positief is in die verhaal.<br><br>Aktiwiteit 11<br><br>Maak 'n lys van die beeldspraak (bv vergelykings, metafore) wat in die teks voorkom. Verduidelik die beeld se betekenis of funksie aan mekaar.<br><br>Aktiwiteit 11<br><br>Leerders moet soek na **leenwoorde i**n die novelle/kortverhale.<br><br>Onthou leenwoorde word veral ontleen as ons taal nie 'n woord vir 'n bepaalde saak het nie en wanneer die leenwoord die saak noukeuriger beskryf.<br><br>Laat leerders 'n **tabel opstel** met die lande van oorsprong waarvandaan die woorde oorspronlik kom. Soos daar gelees word en leerders kom leenwoorde teë, moet leerders die tabel opdatum bring.<br><br>Leenwoorde uit Khoi-tale, Afrika-tale, Zoeloe, Xhosa, Sotho, Chinees, Spaans, Duits, Frans, Grieks, Italiaans, | Kontrolelyste<br><br>In pare<br><br>In pare<br><br>Stel op 'n tabel | oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv. braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>**Skryfprobleme**<br><br>Hou jou sinne kort<br><br>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf<br><br>**Disleksie:** Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);<br><br>skep eie spellys vir moeilike woorde, veral woorde van oor die kurrikulum heen;<br><br>gebruik 'n woordeboek en tesourus om woordeskat en spelvermoë uit te brei;<br><br>gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;<br><br>identifiseer en gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat te ontwikkel;<br><br>verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n omskrywing gepas binne konteks;<br><br>gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.<br><br>As 2 Werk met sinne:<br><br>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:<br><br>* selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname),<br><br>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik),<br><br>* hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme),<br><br>* bywoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* voegwoorde, | Japannees, Latyns kom dikwels voor in voorgeskrewe werke.<br><br>Kyk na die volgende woorde en plaas hulle in die korrekte tabel/kolom<br><br>*Alibi, bonsai, soesji, Jacuzzi, cuppuchino, hoipolloi, garage, bon appétit, abseil, kitsch, fiësta, plaza, wok, lapa, amandla, tokkelos, ubuntu, poetoepap, sangoma, aikona, mopanie, aitsa, abba*<br><br><u>Aktiwiteit 12</u><br><br>Leerders moet die verskil ken tussen 'n oorganklike werkwoord en 'n onoorganklike werkwoord.<br><br>Laat die leerders dit aan die hand van 'n voorbeeld illustreer. Leerders moet ook kan verduidelik hoe hy 'n werkwoord uit ken.<br><br>✓ Dui gewoonlik 'n handeling aan<br><br>✓ Baie werkwoorde kry 'n *ge-* in die verlede tyd<br><br>✓ Plaas *ek* vooraan die werkwoord en kyk of dit sin maak: ek swem, ek slap ens.<br><br><u>Aktiwiteit 13</u><br><br>Leerders moet saam met 'n maat in 'n bepaalde hoofstuk kyk of hy al die voorsetsels, werkwoorde, bywoorde en tussenwerpsels kan identifiseer.<br><br><u>Aktiwiteit 14</u><br><br>Kan die leerders onderskei tussen die verskillende soorte voornaamwoorde?<br><br>**Maak 'n kolom** met die volgende opskrifte: persoonlike, besitlike, vraende, aanwysende, betreklike, onbepaalde, | gesprek<br><br>Herkenning<br><br>In pare<br><br>Kolomme<br><br>Speletjie<br><br>Kompetisie | <u>In die klaskamer</u><br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.<br><br><u>Klaskameratmosfeer</u><br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**<u>Hiperaktiewe kind:</u>** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| * determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),<br><br>* telwoorde,<br><br>* tussenwerpsels,<br><br>* voorsetsels;<br><br>gebruik verskillende sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies);<br><br>identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde en voorwerp;<br><br>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;<br><br>gebruik tydsvorme konsekwent en gepas;<br><br>gebruik die korrekte woordorde in sinne;<br><br>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is;<br><br>gebruik die ontkennende vorm korrek;<br><br>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepteken, aandagstreep, hakies, aanhalingstekens).<br><br>As 3 Werk met tekste:<br><br>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;<br><br>gebruik verbindingswoorde (soos omdat, dus, alhoewel) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;<br><br>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik; | wederkerende *(die onderwerp en voorwerp is dieselfde persoon)*, wederkerige voornaamwoorde<br><br>Gee vir die leerders in groepies van 3 ‘n pakkie voornaamwoorde en kyk watter groep kan hulle kolom korrek voltooi. *(kompetisie element werk altyd – hou ‘n sak lekkers byderhand vir die eerste groep wie s’n korrek voltooi is.)*<br><br>lys van voornaamwoorde: *mekaar, my, iemand, niemand, sommige, wat, waarop, hierdie, daardie, wie, myne, joune, ons, hulle*<br><br><u>Aktiwiteit 15</u><br><br>Ons weet almal dat ‘n bywoord gewoonlik ‘n werkwoord beskryf, maar bywoorde kan ook saam met ander bywoorde, byvoeglike naamwoorde, telwoorde en voorsetsels gebruik word.<br><br>Ken jou leerders die 3 soorte bywoorde? (*bywoord van plek, tyd, wyse?)*<br><br>Die beste manier om ‘n bywoord uit te ken, is om die vrae: *waar? hoe? en wanneer ?* te vra. Baie bywoorde het net soos byvoeglike naamwoorde trappe van vergelyking.<br><br><u>Aktiwiteit 16</u><br><br>Telwoorde het 2 soorte.<br><br>**Hooftelwoorde** dui hoeveelheid aan.<br><br>Voorbeelde van Bepaalde Hooftelwoord is ***een , 20*** terwyl die volgende woorde ***baie, min, verskeie*** voorbeelde is van Onbepaalde Hooftelwoord is. | Soeklees<br><br>Self<br><br>Onderwyser<br><br>Bring lys self opdatum | Skaam leerders of leerders met ‘n spraakgebrek kan hul voordrag of terugrapportering tydens pouses of na skool doen terwyl die ander leerders nie in die klas is nie. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| orden paragrawe in 'n logiese volgorde om langer tekste te skep.<br><br>As 4 Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:<br><br>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;<br><br>onderskei tussen formele en informele taalgebruik;<br><br>gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas.<br><br>As 5 Ontwikkel kritiese taalbewustheid:<br><br>identifiseer taal wat iets anders beteken as wat gesê word - identifiseer geïmpliseerde betekenis;<br><br>identifiseer manipulerende taal;<br><br>identifiseer en gebruik woorde wat toenemende sensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.<br><br>As 6 Gebruik metataal:<br><br>gebruik byvoorbeeld terme soos "onderwerp", "afkorting", "aanhalingstekens". | **Rangtelwoorde** dui volgorde of posisie aan.<br><br>Voorbeelde van Bepaalde Rangtelwoord: **eerste, sewende, twintigste**<br><br>Voorbeelde van Onbepaalde Rangtelwoord: **middelste, laaste, soveelste**<br><br>Terwyl daar gelees word aan die voorgeskrewe werke kan leerders hierdie lys aan vul met nog voorbeelde<br><br>Aktiwiteit 17<br><br>Ken jou leerders Afrikaanse rekenaarterminologie?<br><br>Laat leerders in pare die Afrikaans opsoek vir die volgende: *computer, pop-up menu, laptop, home page, e-mail, download, delete, cut and paste, website*<br><br>'n Goeie woordeboek sal vir jou die volgende gee: *rekenaar, opwipkieslys, skootrekenaar of opvourekenaar, tuisblad, e-pos, aflaai, skrap, knip en plak, webruimte of webtuiste of webwerf*<br><br>Vir vaslegging kan leerders dit uitdruk met 'n gepaste rekenaarskets/grafika wat dit mooi uitbeeld en plak dit op teen jou klaskamermuur. | Woordeboekgebruik<br><br>Maak van plakkate | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| Hulpmiddels: Fotostaat van storie, Prente, Liedjies, Woordeboek, Stories, Skryfbord, Speletjie, Spreker, Kasette, Atlas, Rekenaar, Woordkaarte,TV , videobande<br><br>Nabetragting: | | | |

# LESPLAN

(TEKSTE UIT ANDER LEERAREAS)

**Afrikaans Huistaal**

**Onderwerp**: Oordragbare siektes tussen mens en dier (Identifiseer ‘n potensiële probleem wat kan afstuur op ‘n ramp in jou omgewing bv. besoedelde drinkwater) Virusse en bakterieë is orals!

Natuurwetenskap, Tegnologie

| **Tyd:** 3 weke | | | **Graad:7** |
|---|---|---|---|
| **Lu en Ass** | **ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT** | **ASSESSERING (Ons stel die volgende voor)** | **STRUIKELBLOKKE VIR LEER** |
| <u>Lu 1 Luister</u> | <u>Nota aan onderwyser:</u> | | <u>In alle gevalle</u> |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 2 Luister aandagtig vir spesifieke inligting en kerngedagtes en reageer gepas:<br><br>maak aantekeninge, som op en dra inligting akkuraat oor;<br><br>besin oor menings, stel weldeurdagte vrae en bevraagteken waar nodig.<br><br>As 3 Herken hoe bekende mondelinge tekste gestruktureer is en beskryf sommige kenmerkende eienskappe daarvan (soos weerverslae, aanwysings, grappies, liedjies). Dit sluit in: die herkenning van tegnieke wat vir humor gebruik word, soos pouses en eenvoudige trefreëls, en die identifikasie van die gebruik van byklanke in verskillende oudiovisuele tekste.<br><br>As 7 Identifiseer die waardes en die historiese, sosiale en kulturele konteks van spesifieke tekste.<br><br><u>Lu 2 Praat</u><br><br>As 2 Dra idees, feite en menings duidelik en met redelike akkuraatheid en samehang oor deur 'n beperkte verskeidenheid feitelike, mondelinge tekssoorte te gebruik (soos besprekings, kort argumente).<br><br>As 5 Doen mondelinge aanbiedings met 'n mate van akkuraatheid en kreatiwiteit deur aandag te gee aan:<br><br>duidelike en hoorbare uitspraak;<br><br>die gebruik van pouses;<br><br>tempo- en volumewisseling;<br><br>doel en teikengroep;<br><br>liggaamshouding en -taal;<br><br>verskillende sosiale en kulturele konvensies;<br><br>gepaste tegnieke soos klimaks en antiklimaks. | In Huistaal val die klem baie op **lees** en **skryf** aktiwiteite<br><br>**Formele take**:<br><br>Onvoorbereide lees en gesprek (10) Die verhalende opstel (150 – 200 woorde) 40 punte<br><br>(*sien rubrieke in Annexure B)*<br><br>Moenie taak 8, die toets (60 punte) vergeet nie. Dit sluit die volgende in: Begripstoets (25), Taal (25) Opsomming (10) 70 – 80 woorde<br><br><u>Aktiwiteit 1</u><br><br>Vertel vir die leerders die belangrikheid van lees. Mense wat lees dink verstandiger en ontwikkel dikwels baie gewoontes en vaardighede wat met hul latere sukses te doen het.<br><br>Doen 'n **spoedleesoefening i**n die klas. Verskaf fiksasie oefeninge en woordherkenningsoefeninge.<br><br>Laat die leerders 'n kolletjie bokant elke derde woord in 'n teks plaas en dan lees deur net te fikseer op die woorde met die kolletjies. Hierdie soort oefening moet gereeld gedoen word om enigsins vrugte af te werp.<br><br><u>Aktiwiteit 2</u><br><br>**Wenke vir onvoorbereide lees en hoe om luidlees te verbeter**<br><br>Die leerders moet die woorde van die teks mooi duidelik uit spreek. Moenie mompel of sekere woorde of lettergrepe insluk nie.<br><br>Artikuleer korrek. Alle woorde word nie presies uitgespreek soos wat dit gespel word nie. | Onderwyser<br><br>spoedleesoefening<br><br>self<br><br>Hardoplees<br><br>rubriek | Leerders het 'n afskrif nodig (fotostaat) van die teks wat die onderwyser voorlees<br><br>Leerder het 'n **sterk akademiese maat** wat hom te alle tye bystaan<br><br>Fokus meer op die **positiewe**<br><br>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en **geduldig**<br><br>Gee **individuele bystand**<br><br>As onderwyser behou nog steeds **hoë verwagtinge** en 'n postiewe houding. Vermy stereotipering en pas op vir vooroordeel<br><br>Gebruik 'n **glimpen** *("highliter")* om net die sleutelwoorde in te kleur.<br><br>Wees gedurig in kontak met die ouers<br><br>Skaam leerders of leerders met 'n spraakgebrek kan hul voordrag of terugrapportering tydens pouses of na skool doen |

| | | | |
|---|---|---|---|
| As 6 Herken en verduidelik die sukses van eie kommunikasie.<br><br><u>Lu 3 Lees en Kyk</u><br><br>As 2 Lees hardop en stil vir verskillende doeleindes deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vlugleed, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding).<br><br>As 3 Identifiseer die doel, teikengroep en konteks van 'n teks.<br><br>As 4 Toon begrip van informatiewe tekste:<br><br>identifiseer hoofgedagtes en verduidelik hoe besonderhede dit ondersteun;<br><br>maak 'n opsomming van kernfeite.<br><br>As 7 Identifiseer en bespreek die tegnieke wat gebruik word om 'n spesifieke effek in geselekteerde visuele, geskrewe en multimedia-tekste te bereik:<br><br>eenvoudige literêre tegnieke en taalgebruik (soos woordspeling, register);<br><br>ontwerpstegnieke (soos keuse en plasing van prente/foto's, gebruik van lettergrootte en lettertipe, kleur);<br><br>kamera- en filmtegnieke (nabykskote, zoemskote).<br><br>As 8 Reageer krities op tekste:<br><br>identifiseer die skrywer se standpunt;<br><br>identifiseer implisiete (verskuilde) boodskappe;<br><br>identifiseer opvallende partydigheid en vooroordeel;<br><br>identifiseer maniere waarop die skrywer die lees van die teks deur sorgvuldige woordkeuse vorm.<br><br>As 9 Identifiseer en bespreek die sosiale, kulturele, | Waak teen oormatige oorronding of ontronding. Die natuurlike uitspraak van die woorde is belangrik. *(Luister gerus na die kontinuteitsaanbieders van e- tv. Of laat jou leerders luister na die uitspraak van ons tv- nuuslesers)*<br><br>Moenie te vinnig of te stadig lees nie. Leer jou oë om die woorde in 'n reël te lees, voordat jy dit uitspreek.<br><br>Frasering by lees is belangrik. 'n Goeie leser laat sy stem telkens rus nadat 'n groep woorde uitgespreek is.<br><br>Ter wille van afwisseling kan sekere woorde in elke sin beklemtoon word.<br><br>Konsentreer op wat jy lees. As die leerder die inhoud van die teks nie begryp nie, is die leesoefening nutteloos.<br><br>Gereelde leesspoed oefeninge moet gedoen word. *(Sien annexure B)*<br><br><u>Aktiwiteit 3 (Formele taak: onvoorbereide lees)</u><br><br>Nadat jy aktiwiteit 1 en aktiwiteit 2 onder die leerders en hul ouers se aandag gebring het doen nou die volgende.<br><br>Kry 'n verskeidenheid van artikels. Laat leerders uit 'n **mediese verslag, paragraaf uit handboek** van lewensorientering of natuurwetenskap of **pamflet** van jou naaste kliniek lees.<br><br>Die res van die klas moet luister en aantekeninge maak of die betrokke leerder 'n swak leser is of het hy meer oefening nodig.<br><br><u>Aktiwiteit 4</u><br><br>Werk saam met jou kollega van 'n ander leerarea.<br><br>Jou leerders in die taalklas gaan vir 'n week of 2 almal die rol | Formele taak: lees<br><br>Portuurassessering<br><br>Rubriek<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>breinstorm | terwyl die ander leerders nie in die klas is nie.<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>**<u>Leerders met 'n spraakgebrek</u>**<br><br>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer<br><br><br><br><br><br><br><br>Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die |

| | | | |
|---|---|---|---|
| omgewings- en etiese kwessies in tekste (soos duidelik in aspekte soos inhoud, taal, kunswerk, karakterisering blyk).<br><br>As 10 Dink na oor sy/haar eie vaardighede as leser.<br><br><u>Lu 4 Skryf</u><br><br>As 1 Skryf verskeie verbeeldingstekste:<br><br>gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander;<br><br>verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal deur die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, dialoë, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies.<br><br>As 2 Skep verskeie feitelike skriftelike en multimodale tekste (tekste met druk en beelde) vir verskeie doeleindes deur, waar gepas, visuele beelde en ontwerpe in ooggetuieverslae, plakkate, advertensies, boekresensies, resepte, instruksies vir speletjies te gebruik.<br><br>As 4 Gebruik die skryfproses met hulp en saam met ander om tekste te skep:<br><br>kies en ondersoek onderwerpe deur die gebruik van dinkskrumtegnieke, kopkaarte, vloeidiagramme en lyste;<br><br>gebruik kennis van ander tekssoorte as skryfmodelle;<br><br>beplan en ontwikkel 'n onderwerp deur relevante inligting uit gepaste bronne te gebruik;<br><br>organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;<br><br>dink na oor konsepweergawes en hou die doel, teikengroep, taalgebruik en logiese struktuur in gedagte tydens hersiening;<br><br>dink na oor en bespreek eie en ander se skryfwerk en toon | van 'n **joernalis** speel. Laat almal nou breinstorm om die kwaliteite van 'n goeie jornalis te bepaal. Teken die spontane reaksies van die leerders op die bord aan.<br><br><u>Hopelik sal die volgende uit kom</u>.<br><br>• oë wat niks mis nie,<br>• 'n neus vir nuus,<br>• 'n hand wat vinnig kan skryf,<br>• 'n mond wat vrae kan vra,<br>• oop ore,<br>• wakker oë sien 'n storie raak terwyl dit gebeur,<br>• ingewikkelde sake, idees en feite op 'n duidelike manier kan beskryf,<br>• nuuskierig is oor nuwe dinge en wat 'n wye belanstellingsveld het,<br>• na alle kante van 'n saak kan kyk en die feite objektief kan weergee,<br>• ander mense verstaan en bewus is waarvoor hulle omgee,<br>• deur 'n klomp hoeveelheid feite kan sif om net die belangrikes weer te gee,<br>• vir ander mense van 'n nuwe feit, idée, saak of ontwikkeling wil vertel,<br>• kan met min woorde alles beskryf, | Klas<br><br>Ander onderwyser<br><br>Gevallestudie<br><br>Onderhoude<br><br>Self/groepies | bekende en bou stadig op tot die moeilike werk<br><br>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes |

| | | | |
|---|---|---|---|
| sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens;<br><br>redigeer en proeflees die finale weergawe en pas kennis van die taal binne konteks toe - fokus op grammatika, punktuasie en woordeskat gepas vir die graad, asook op 'n doeltreffende inleidende en slotparagraaf en hegte paragraafbou, waar gepas;<br><br>skryf die finale produk en gee aandag aan aanbiedingswyse en basiese ontwerpselemente.<br><br><u>Lu 5 Dink en Redeneer</u><br><br>As 1 Gebruik taal vir dink en redeneer:<br><br>lei betekenis af en verduidelik die skrywer se bedoeling deur geskrewe, visuele en mondelinge tekste oor die kurrikkulum heen te eksperimenteer;<br><br>verduidelik oorsaak en gevolg;<br><br>oorweeg twee moontlikhede en besluit watter een die beste keuse is;<br><br>ontwikkel en gee uitdrukking aan 'n duidelike eie mening;<br><br>staaf 'n argument met verskeie soorte bewyse (soos statistiese en ander bewyse);<br><br>stel vrae om eie en ander se denkwyse te ontwikkel;<br><br>gebruik gepaste taalstrukture om komplekse denke uit te druk (soos: Indien hulpbronne regverdig verdeel was, sou ons moontlik minder misdaad gehad het).<br><br>As 2 Gebruik taal om te ondersoek:<br><br>identifiseer inligting wat nodig is om 'n probleem te ondersoek;<br><br>gebruik kernwoorde en -begrippe om relevante inligtingsbronne te kies; | • vra vrae,<br><br><u>Aktiwiteit 5</u><br><br>Jou klas vol joernaliste gaan 'n **geïllustreerde inligtingsartikel** skryf oor 'n wetenskaplike probleem in jul omgewing wat op 'n ramp afstuur indien dit stil gehou word.<br><br>Jou "joernaliste" gaan nou uit op 'n "storie" hulle het gehoor van die muskiete daar in die Karoo wat die merino skape steek en dan kan die mens malaria kry. Of daar in die Langkloof se drinkwater broei daar snaakse goed uit.<br><br>Gaan besoek 'n kliniek in jou omgewing en vra vir inligtingbrosjures oor TB of Vigs. Wys vir jou leerders hierdie tekste as voorbeelde van 'n geillustrrede inligtingsartikel<br><br><u>Aktiwiteit 6</u><br><br>Jou "joernaliste" moet nou navorsing gaan doen in die ander leerareas. Bv . Interessanthede oor muskietbyte, watter siektes word deur muskiete veroorsaak?, die lewensiklus van 'n muskiet, die uiterlike bou van 'n muskiet<br><br>Monsters van die drinkwater in die Langkloof moet geneem word – hoe neem 'n mens 'n monster? Bring dit na die wetenskapklas toe – bekyk dit onder 'n mikroskoop. Bou en ontwikkel 'n watersuiweraar met ou t-hemp, riviersand en rivierklippies en 'n leë 2 liter coke bottel<br><br>Die "joernaliste" moet alles stap-vir-stap aan teken. Sketse moet gemaak word en daar moet eers mondelings teruggerapporteer word in die taalklas.<br><br><u>Aktiwiteit 7</u><br><br>**Die skryfproses**<br><br>Elkeen bring die inligting wat hy nagevors het, klas toe. Dit | Praktiese oefening<br><br>Demonstrasie<br><br>Uitstalling<br><br>Plakkaat<br><br><br><br>Opstelle<br><br>rubriek | Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.<br><br><br><br>Verkort die aktiwiteit |

| | | | |
|---|---|---|---|
| luister, lees en kyk na tekste uit 'n verskeidenheid bronne om idees te versamel en te kies;<br><br>gebruik gepaste verwysingstegnieke en -konvensies wanneer inligting uit bronne aangehaal word (soos skrywer, titel, datum, uitgewer, bladsynommers, webwerf);<br><br>werk aan geïntegreerde projekte oor leerareas heen en skep 'n samehangende produk.<br><br>As 3  Verwerk inligting:<br><br>hou rekord van inligting in 'n gepaste formaat (soos lyste, kopkaarte, aantekeninge, opsommings);<br><br>organiseer inligting op 'n gepaste manier (soos volgens tyd, belangrikheid);<br><br>verander inligting van een formaat (of taal, indien nodig) na 'n ander (soos 'n kopkaart na 'n paragraaf, 'n lys na 'n opsomming);<br><br>besin krities deur idees te deel en te vergelyk;<br><br>vergelyk verskillende standpunte en identifiseer ooreenkomste en verskille;<br><br>gebruik gepaste taal om vergelykings te tref (soos: "eenders as", "verskillend van");<br><br>kies die beste en mees gepaste inligting uit verskeie bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende werkstuk of aanbieding;<br><br>As 4  Dink kreatief:<br><br>visualiseer, voorspel, fantaseer en empatiseer om betekenis te skep en probleme op te los;<br><br>gebruik skryf om idees te ontwikkel (soos:  joernale, vrye skryf, dinkskrumtegnieke, kopkaarte);<br><br>verbeel moontlikhede en alternatiewe om denke uit te brei | kan en moet die volgende insluit: sketse,  prente, foto's, diagramme,  tabelle en grafieke.  Die joernaliste kry geleentheid om die inligting met mekaar te deel.<br><br>Vra jouself die volgende af?  Wat is die doel van jou artikel en vir watter gehoor gaan jy dit voor skryf?  Wat is jou houding teenoor die probleem (muskietplaag of besoedelde drinkwater)<br><br>Jou artikel wat jy gaan skryf gaan aan die volgende kenmerke moet voldoen:<br><br>• Formele styl<br>• Objektiewe taal<br>• Jy werk met feite (geen verwysings na "ek" of "ons" nie.)<br>• Eenvoudige teenwoordige tyd<br>• Kort, inligtingryke sinne<br>• Beskrywings, d.w.s. baie byvoeglike naamwoorde en bywoorde<br><br>Bied jou artikel/inligting aan<br><br>Jy kan 'n dubbelblad gebruik.  Redigeer jou inligting.  Gebruik verskillende soorte visuele effekte – soos foto's,  illustrasies, prente uit tydskrifte,  diagramme,  tabelle,  karate,  balkgrafieke en sirkelgrafieke om jou inligting aan te bied.<br><br>Gee aandag aan hoe jy jou teks en visuele material kombineer.  Het jy 'n gepaste titel?<br><br>**Volg die volgende patroon om jou inligting aan te bied.**<br><br>Die eerste paragraaf moet die leser lok om die hele berig te lees.  Die middelste paragrawe antwoord die vrae: wie,  wat, | Ondersoek<br><br>Breinkaart<br><br>Werkskaart | **Swak siende**:  Hierdie leerder moet voor in die klas sit.  Onderrigmiddele moet aangepas word.  Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (stel hipoteses en spekuleer);<br><br>oorweeg verskille en gebruik dit skeppend (soos verskille in ervaring, kultuur, belangstellings en persoonlikheid);<br><br>vergelyk hoe verskillende tale terme en verskillende leerareas uitdruk en skep skakels om met begrip en probleemoplossings te help.<br><br>gebruik taal oor die kurrikulum heen om probleme op te los (bv. Kodewisseling);<br><br><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u><br><br>As 1  Werk met woorde:<br><br>onderskei tussen klankgrepe en lettergrepe om die verskil tussen gesproke en geskrewe taal te verstaan;<br><br>gebruik kennis van basiese spelreëls en spelling om uitsonderings in spelpatrone te identifiseer;<br><br>gebruik hoofletters en skryftekens korrek en doeltreffend (kappie, koppelteken, deelteken, afkappingsteken en aksentteken);<br><br>skep eie spellys vir moeilike woorde, veral woorde van oor die kurrikulum heen;<br><br>gebruik 'n woordeboek en tesourus om woordeskat en spelvermoë uit te brei;<br><br>gebruik afleiding, samestelling en alledaagse voor- en agtervoegsels (ook meervouds-, verkleinings- en geslagsvorme) doeltreffend om woordeskat uit te brei;<br><br>identifiseer en gebruik woordfamilies en woorde oor dieselfde onderwerp om woordeskat te ontwikkel;<br><br>verstaan en gebruik algemene sinonieme, antonieme, homonieme, homofone, paronieme en een woord vir 'n | waar,  wanneer, en waarom.  Dit sluit ook die aanhalings en name van die mense (*altyd korrek gespel*) in.<br><br>Die laaste paragraaf som alles op en gee die leser iets om oor na te dink.  Onthou daar is verskillende maniere om opsommings van bevindinge aan te bied soos tabelle en grafieke.  Sluit altyd ‘n opsomming of ‘n gevolgtrekking aan die einde in.<br><br><u>Aktiwiteit 8</u><br><br>As ‘n mens ‘n dokter spreek,  hoor jy dikwels goed soos:  “*Dis maar ‘n virus wat nou in die rondte is”*  of *“Ons moet antibiotika gee om die infeksie op te klaar”*<br><br>Weet jy wat dit alles beteken?<br><br><u>Stel eers ‘n Natuurwetenskap woordelys saam</u><br><br>Laat die leerders eers self uitvind wat is die verskil tussen virusse en bakterieë.  Leerders moet in hulle eie taal ‘n kort beskrywing van elkeen kan gee.<br><br>*Virusse is die kleinste organisme wat daar is.  Virusse kan net in lewende selle groei en vermeerder. Virusse veroorsaak siektes.*<br><br>*Bakterieë is organismes wat elk net uit een sel bestaan en het geen selkern nie.*<br><br>Leerders moet self die volgende woorde kan verduidelik: membraan,  mutasie,  selplasma,  selkern,  pandemie,  epidemie, ‘n sel,  selmembraan,  stamselle,  immunitiet,  immuunstelsel<br><br>(*leerders kan in pare saamwerk om met hul eie kort beskrywing na vore te kom)*<br><br><u>Aktiwiteit 9 (doen navorsing – ondersoekspan kom lewer</u> | Kundige van buite<br><br>Ander onderwyser<br><br>In pare<br><br>Kontrolelyste<br><br>Waarnemingsvel<br><br>Portefeulje<br><br>Memo<br><br>Ander onderwyser | *font* gedruk word. Of plaas die opdrag op band.  Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees.  Gee vir die leerder ook meer tyd.<br><br>Lees die materiaal vir hom voor.  Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei.  Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.<br><br>Maak meer gebruik van oudio visuele materiaal<br><br>Kry hulp van spesiale skole bv.  braille<br><br>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle  (soos bv beskrywings en sketse)<br><br>**<u>Skryfprobleme</u>**<br><br>Hou jou sinne kort<br><br>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf |

| | | | |
|---|---|---|---|
| omskrywing gepas binne konteks;<br><br>gebruik alledaagse afkortings en akronieme gepas.<br><br>As 2  Werk met sinne:<br><br>identifiseer en gebruik die volgende in konteks:<br><br>* selfstandige naamwoorde (soortname, eiename, versamelname),<br><br>* voornaamwoorde (persoonlik, besitlik, betreklik),<br><br>* hoofwerkwoorde (selfstandige werkwoord en koppelwerkwoorde), medewerkwoorde (hulpwerkwoorde) en deelwoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* adjektiewe (ook die verboë vorm, trappe van vergelyking en intensiewe vorme),<br><br>* bywoorde (ook in vaste verbindings),<br><br>* voegwoorde,<br><br>* determineerders (lidwoorde en aanwysende woorde),<br><br>* telwoorde,<br><br>* tussenwerpsels,<br><br>* voorsetsels;<br><br>gebruik verskillende sinsoorte (stel-, vraag-, bevel- en uitroepsinne, asook instruksies);<br><br>identifiseer en gebruik sinsdele soos onderwerp, gesegde en voorwerp;<br><br>identifiseer en gebruik hoofsinne en bysinne (bywoordelike en byvoeglik) gepas;<br><br>gebruik tydsvorme konsekwent en gepas; | verslag)<br><br>Verdeel die klas in groepe van 4 of 5 elk.  Elke groep kry 'n ander onderwerp.  Onthou jy moet nou soos 'n ondersoekende joernalis verslag kom lewer nes Vanessa Govender op *e-TV news.*<br><br>**Groep 1**<br><br>Verduidelik hoe 'n virus in 'n gasheer reproduseer en daardeur 'n siekte veroorsaak.  Maak gebruik van plakkate of prente of drama en dramatiseer dit as julle kan.<br><br>**Groep 2**<br><br>Hoe word virus-infeksies by mense behandel?<br><br>**Groep 3**<br><br>Gaan vind uit watter virusse vandag in die wêreld bestaan? Bring vir ons voorbeelde van hoe die verskillende virusvorms lyk.  (*die naslaanafdeling in die biblioteek sal jou hiermee kan help)* beskryf hoe lyk die verskillende virusvorms van kubusvormige- ,  spiraalvormige virus tot 'n komplekse vorm<br><br>**Groep 4**<br><br>Verduidelik die volgende stelling:   As virusse dodelike siektes veroorsaak, hoe kan hulle goed wees?<br><br>**Groep 5**<br><br>Waar kom bakterieë oral voor?<br><br>**Groep 6**<br><br>Wat kan jy doen om te keer dat jy 'n bakteriële infeksie kry of versprei.  Stel 'n *Bly-Veilig-Gids* saam. | Groepies<br><br>Modelle/uitstalling<br><br>Ander onderwyser | **Disleksie:**  Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| gebruik die korrekte woordorde in sinne;<br><br>gebruik die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) en verstaan wanneer elkeen gepas is;<br><br>gebruik die ontkennende vorm korrek;<br><br>gebruik punktuasie doeltreffend (punt, komma, dubbelpunt, kommapunt, vraagteken, uitroepteken, aandagstreep, hakies, aanhalingstekens).<br><br>As 3 Werk met tekste:<br><br>wissel die gebruik van kern- en ondergeskikte sinne (soos om die kernsin aan die einde te plaas) om samehangende paragrawe te ontwikkel;<br><br>gebruik verbindingswoorde (soos omdat, dus, alhoewel) om 'n logiese denkpatroon in 'n paragraaf te ontwikkel;<br><br>verbind sinne in samehangende paragrawe deur voegwoorde, voornaamwoorde en woordherhaling (waar gepas) te gebruik;<br><br>orden paragrawe in 'n logiese volgorde om langer tekste te skep.<br><br>As 4 Ontwikkel bewustheid en gebruik van styl:<br><br>gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte;<br><br>onderskei tussen formele en informele taalgebruik;<br><br>gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas.<br><br>As 5 Ontwikkel kritiese taalbewustheid:<br><br>identifiseer taal wat iets anders beteken as wat gesê word - identifiseer geïmpliseerde betekenis;<br><br>identifiseer manipulerende taal;<br><br>identifiseer en gebruik woorde wat toenemende sensitiwiteit | **Groep 7**<br><br>Hierdie groep moet gaan kyk hoe word kaas en konfyt gemaak. Ons stel belang in die vervaardigingsproses. Die groep sal uitvind dat daar skadelike en nuttige bakterieë is.<br><br>**Groep 8**<br><br>Die leerders moet 'n tydlyn opstel oor die ontwikkeling van penisillien. Dui Alexander Fleming se "toevallige" ontdekking aan.<br><br><u>Aktiwiteit 10 (Natuurwetenskap en Tegnologie)</u><br><br>Verdeel die klas in groepe. Elke groep gaan die geleentheid kry om uit weggooiprodukte en goedkoop artikels wat 'n mens in kombuiskaste kry, 'n driedimensionele model van 'n diersel te bou.<br><br>Die leerders moet besluit en beplan waarmee hulle hul diersel gaan bou. Dit moet goedkoop en maklik bekombaar wees en die selkomponent so korrek moontlik voorstel. Gebruik leë eierdop of tou of balonne en peperkorrels om die ribosome en golgi-apparaat voor te stel.<br><br>Leerders kan hul modelle in die klas bou. As dit voltooi is, hou 'n klasbespreking oor die sukses van die modelle. Stal hulle in die Natuurwetenskapklaskamer uit.<br><br>Die Natuurwetenskapkonderwyser gaan die modelle assesseer.<br><br><u>Aktiwiteit 11</u><br><br>Hou 'n bespreking oor antibiotika en wat dit doen. Kyk of die klas 'n gevolgtrekking kan maak hoekom is die gebruik van te | gesprek | Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.<br><br><u>In die klaskamer</u><br><br>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie ) in die klaskamer is.<br><br>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.<br><br><u>Klaskameratmosfeer</u><br><br>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word<br><br>**<u>Hiperaktiewe kind:</u>** Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| vir geslags-, rasse-, omgewings-, gesondheids- en ander kulturele en sosiale kwessies toon.<br><br>As 6  Gebruik metataal:<br><br>gebruik byvoorbeeld terme soos "onderwerp", "afkorting", "aanhalingstekens". | veel antibiotika gevaarlik vir die mens.<br><br>(*Dit is 'n goeie manier om te evalueer hoe goed die klas geluister het en of hul aandag gegee het en het hulle die navorsing hul eie gemaak.  Kan hulle die woordeskat nou in die korrekte konteks gebruik?  Hoe slaag die leerders daarin om hulself uit te druk?)* | | |
| Hulpmiddels: Fotostaat van pamflet/ Prente, Liedjies, Woordeboek,  Stories,  Skryfbord,  Speletjie,  Spreker,  Kasette,  Atlas,  Rekenaar, Woordkaarte, advertensies, kundiges van buite, Nabetragting: | | | |